VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Lillee Latsky.
Maandag:	Rudi Geldenhuys, Dan Luttig, Fanus Minnie, Ilke Stockigt, Jacobus Theron.
Dinsdag:	Lela Smit.
Woensdag:	Elke Escreet, Jean Hamilton, Sophia le Grange, Lelanie Mostert, Martin Roode, Augusta Schoeman.
Donderdag:	Nellie Boonzaaier, Hettie Boshoff, Derick Coetzee, Louzanne de Villiers, Yolanda de Waal, Charné Landman, Tania Loedolff, Ian Meyer.
Vrydag:	Neels Krüger, Catherine Quacqarini.
Saterdag:	Christopher Visser.

Werda Stanley, 'n **gekwalifiseerde haarkapper**, is beskikbaar om mense se hare by hulle huise te gaan sny – spesifiek vir mense wat siek is of om ander redes nie mobiel is nie. Kontak haar gerus: tel 083 392 1510

Dame-lidmaat van ons gemeente beskikbaar om huise op te pas indien iemand met vakansie gaan, ook om saans vir paar uur kinders op te pas indien ouers wil uitgaan, of geselskap vir bejaarde saans en/of gedurende naweke indien kinders wil uitgaan of weggaan.
Kontak Liza 082 564 6563

Afgetrede paartjie is op soek na 'n tuinwoonstel om te huur. Laat weet asb. die kerkkantoor indien jy van so iets weet. Baie dankie!

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou bank– en dankoffer te gee. NB: Stel jou foon se klank op geluidloos.

LEWER GERUS KOMMENTAAR aangaande die eredienste. Stuur dit na eredienste@nghottentotsholland.co.za of *anoniem* vanaf die webblad: http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste#

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Jeugleraar: Nicola Alberts; 074 313 7745; nicola@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 9:00 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 21 APRIL 2019

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENSTE

VANDAG:	OPSTANDINGSONDAG
09:00:	HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING:	ROMEINE 6:5-6
TEMA:	PAASFEES - OMGEE - HOOP - BLYDSKAP - DANKBAARHEID

KOM DRINK GERUS TEE NA DIE EREDIENS

DEUROFFERS:

Verlede week is R2066 ten bate van die instandhouding van geboue.

Vandag se deuroffer gaan aan die Gemeentebediening

Die dienste wat die Gemeentebediening aan gemeentes lewer is in kort: Die ontwerp en lewering van behoeftegerigte geloofs-onderskeidende gemeente begeleidingsprosesse; die ontwerp en lewering van opleidingsprodukte aan geakkrediteerde Communitas begeleiers en gemeenteleiers; die vestiging van 'n geakkrediteerde span gemeentebegeleiders om die gemeenteleierskap met die ontwikkelde toerusting en prosesse te begelei; gerigte navorsing; die organisering van konferensies.

Volgende week: **Hospitaalbearbeiding**

RES VAN DIE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag:	15:30	Gebedsgroep
	18:00	Diensgroep Fondse vergadering
Woensdag:	08:45	Bybelgesprek
	10:00	Bybelstudie by Huis Vonke
Donderdag:	16:00	Macassar Jesusbende

ZORADA TEMMINGH ORRELUITVOERING

Sondag, 28 April om 16:30
by NG Moedergemeente Somerset Wes
Kaartjies: R50 (beskikbaar by die deure)

BRIGHT LIGHTS sê "*Baie, baie dankie aan elke gemeentelid wat op 7 April so ruim bygedra het vir Bright Lights. Ons is oneindig dankbaar en verseker julle dat die bydrae goed aangewend sal word.*"

Wynveiling 2019

Ons benodig nog heelwat wyn vir 24 Mei se Wynveiling. Enige iemand wat graag wil wyn skenk vir die veiling kan dit gerus aflaai by die kerkkantoor of kontak vir Nicola om dit by jou op te laai. Hierdie fondsinsameling word op 24 Mei 2019 gehou ten bate van die bediening van ons jeug. Ons sien baie uit daarna en hoop dat julle die aand saam met ons sal kom geniet. Dankie vir bydraes reeds ontvang!

GEBEDSMARATHON: 27 en 28 APRIL

Almal word genooi om deel te neem aan die 24 uur gebedsmarathon vanaf Saterdag 27 April 2019 om 9h00 tot Sondag 28 April 2019 9h00. Daar word net verwag dat jy vir 15 min. bid. Kom ons gemeente vorm 'n eenheid in gebed en verootmoedig ons voor die Here. Bid net daar waar jy is op daardie betrokke tyd - by die huis, werk, in jou motor - waar ookal jy jouself op daardie tydstip bevind. Dames sal na die diens by die deure wees om uitdeelstukke te gee en jou naam op te skryf.

"***Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking***". Jak. 5v 16b

BERG-EN-SEEKLUB vir Senior Burgers
Byeenkoms Donderdag, 2 Mei om 9:30
PLEK: Moedergemeente Somerset-Wes Andries Pretoriusstraat.
Onderwerp: Sterrekyk op amper 80!
Frans Myburgh kom deel sy kennis i.v.m. die hemelruim. Hy lig ook sy praatjie toe met 'n **skyfievertoning.** Almal, ook nie-lede, is baie welkom! **Koste** : R15 Besoekers en R10 Lede.

VLOEDBOS GESINSKAMP 3-5 MEI

Daar is nog een 4-bed huisie & ook een 10-bed huisie beskikbaar, baie kampstaanplek! Laat weet asb. die kerkkantoor indien julle saam wil kom kuier. Dit gaan 'n heerlike,

Sluit Woensdag weer by ons aan vir **Bybelgesprek oor Genesis**.
Ons gaan hierdie week voort met Genesis.
08:45 – 09:45 in die Familiekamer.
Enigiemand is welkom. As jy nog nooit daar was nie, en net een of twee keer wil kom luister, is jy baie welkom. As jy al daar was en weer wil kom, is jy net so welkom.

Ons herinner jou graag om **nie-bederfbare produkte**, toiletware en skoonmaakmiddels op 'n Sondag saam te bring na die erediens of by die kerkkantoor af te laai. Ons probeer om op 'n maandelikse basis kospakkies aan mense in ons eie gemeente te voorsien wat dit nie kan bekostig nie. Dankie vir jou bydrae!